

DIE SKIETLOOD

Hierdie SKIETLOOD: 11e Uitgawe saam met
KOERSVAS Uitgawe 12 Jaargang 1 5 April
2013

GeloofsBond van Selfstandige gemeentes en die steedsHervormers



Daar was wyd en hewig reaksie op die vorige Skietlood. Ds Schoeman se skerp vrae het vele lidmate en ampsdraers ongemaklik gelaat. Die vrae is geldig en ons moet genoeg waagmoed aan die dag lê om nie net die NHKA te kritiseer nie, maar ook introspeksie te hou ten opsigte van eie motiewe en optredes. Aanvanklik was alle persone en gemeentes sonder onderskeid deel van sH. steedsHervormers het na erkenning binne die NHKA gestreef, met as ideaal om die verkeerdhede in die NHKA aan te spreek en reg te stel. Die gevvolglike vervolging van predikante en gemeentes het sekere predikante en gemeentes gedwing om selfstandig voort te gaan. Die versoek: "bedank" is ernstig opgeneem en op groot risiko het gemeentes uit oortuiging 'n moeiliker pad begin loop. Die verwagting het ontstaan dat alle sH gemeentes hierdie nuwe pad sal moet loop. Dit is nie die geval nie. Daar is verskillende belange binne sH, elk met 'n behoeft. Elke situasie en behoeft roep om doelspesifieke optrede. Ons het steeds dieselfde doel voor oë, maar verskillende werkswyses. Dit is ook nie in ons aard om voorskriftelik te wees nie, ons het hoe waardering vir konsensus.

Die stigting van die Bond het inderdaad 'n hele aantal predikante, gemeentes en hul ampsdraers se fokus laat verskuif. Selfstandige gemeentes se fokus is gewoon nie meer by die NHKA en wat daar gebeur nie. Die gemeentes het wel nog belang by die resultate van dit wat gebeur. Die Staat van Belydenis het 'n lys van sake daar gestel waaraan die NHKA aandag moet skenk alvorens daar sprake van eenheid kan wees. In die tussentyd is Selfstandige gemeentes

besig met interne bou en die saamdink oor die aard en omvang van onderlinge verbintenis en samewerking. Oor laasgenoemde sal daar groter duidelikheid kom in Julie 2013 by die eerste vergadering van die Bond. In die tussentyd is ons almal steeds deel van die groter beweging genaamd steedsHervormers.

Tydens die vergadering by Premiermyn het dr Malan Storm by wyse van 'n groot sirkel en kleiner sirkels die verbintenis tussen die gemeentes en ook individue as deel van sH verduidelik. Daardie verbintenis het nie verander nie. Die fokus en verwagtinge van verskeie mense binne die sH het verander as gevolg van die ontstaan van Onafhanklike gemeentes.

Bondsgemeentes kan nie meer doen as om advies te gee en vir alle gemeentes te bid nie. Onafhanklike gemeentes se fokus is op konsolidasie, groei en onderlinge samewerking. Die Bond bestaan tans uit diegene wat na bloedneus op bloedneus besluit het om nie die pad verder saam met die NHKA te stap nie. Vanuit hulle perspektief het hulle alles denkbaar gepoog om die tenkskip-momentum van die NHKA te stuit of te verander. In hul ontnugtering blyk die momentum eerder van Titanic-aard te wees.

Daar is diegene wat nie deel is van 'n sH gemeente of 'n Selfstandige gemeente nie. Hierdie lidmate is tot 'n minder of meerder mate geïsoleer en uitgelewer aan omstandighede. Sommige lidmate onttrek emosioneel, sommige gee boedel oor, ander lewer konstant kritiek en dit maak die lewe baie negatief. Twee inisiatiewe blyk moontlik te wees. Sodanige lidmate kan besluit om 'n

ander vorm van verbintenis met 'n Selfstandige gemeente aan te gaan. Daar is lidmate wat met attestate oorgaan na Selfstandige gemeentes en elke Sondag selfs maklik 120 km ry om eredienste by te woon. Ander lidmate se situasie laat hulle gewoon net toe om tydens Nagmaal die erediens by te woon. Die ander Sondae luister hulle na bandjies van eredienste. Vanuit die Bond sal daar gekyk moet word na die skep van sateliet gemeentes en sal groeipunte of buitewyke geskep moet word om hierdie beginselvaste lidmate te ondersteun. Die hulp van tegnologie en die internet moet nie onderskat word nie. 'n Tweede belang is sH-gemeentes se lidmate en ampsdraers wat hulself steeds binne die NHKA bevind. Hulle situasie is kompleks en somtyds baie moeilik om te bestuur. Aan die een kant hou hulle vas aan die beginsels wat ons as sH saambind, maar aan die ander kant neem die druk en vervolging hand oor hand toe. Hulle wil steeds van binne probeer om die NHKA te verander. Hier kan die sH as beweging help om 'n netwerk te skep wat hierdie lidmate en gemeentes met mekaar in kontak hou. Daarmee saam kan sH 'n rol speel om te help met die koördinering van aktiwiteite, veral met die oog op die AKV. Hulp met die opstel van beskrywingspunte is een so 'n vorm van ondersteuning. Elke groep het eie uitdagings en verwagtinge. Teen hierdie agtergrond moet ons na ds Schoeman se Skietlood gaan kyk. Die rolspelers sal elk hul eie rol moet vervul. In die tussentyd kan sH nie verstaan word as Afgrondhotel nie. Afgrondhotel is daardie emosionele en intellektuele plek waar daar ruim kritiek gelewer word op dit wat in 'n samelewing gebeur. In vergaderings en oor 'n koppie tee word verbete kritiek uitgespreek en van ander verwag om agente van verandering te wees, terwyl die inwoners van die hotel self geen vinger verroer nie.

Daar is duidelike blyke van persone wat gemaklik kritiek lewer, maar geen

poging aanwend om iets te doen of te verander nie. Die verskillende rolspelers binne sH sal vir hulself klarigheid moet kry oor hulle rol en plek. **Dan sal daar optrede moet volg.**

Dit is onbillik om van Selfstandige predikante te verwag om die leiding te neem in die stryd binne die NHKA. Predikante en ampsdraers van sH gemeentes op pad na die 70e AKV moet nou reeds blyke van hulle beplanning gee. Wat gaan gedoen word en watter beskrywingspunte gaan opgestuur word? Watter sake gaan eerste aandag geniet? Watter studiestukke gaan as motivering aangebied word?

Dit is onbillik om lidmate te verwyt wat ver van alles is en in gemeentes vasgevang is wat selfs uitgesproke anti-sH is. Bondsgemeentes gaan moet koppe bymekaar sit en kyk hoe kan hierdie lidmate die beste ondersteun en bedien word. Waar gaan gemeentes gestig word? Watter gemeente gaan verantwoordelikheid vir watter lidmate aanvaar?

Ds Schoeman se wekroep is 'n tydige alarm. Ons kan nie toelaat dat sH verword tot 'n organisasie waarin almal Afgrondhotel-bewoners is wat net hul gewetens sus nie. Die beginsels waarvoor ons staan, kan nie maar net gefluister word nie, dit moet in woord en daad eggo deur die handelinge van ons lede.

Een saak staan soos 'n paal bo water en dit is dat die NHKA se ongeduld met sH se lede nie gaan verdwyn nie. Die verguisiging gaan geen einde kry nie, en ds Schoeman is reg, sH gemeentes moet hewige reaksie en vernedering verwag by die 70e AKV. Alle sH lede word geroep tot saamoptrede.

Van my kant af bevestig ek my voorneme om saam te werk tot en met die 70e AKV, selfs al is ek lankal nie meer welkom by die NHKA nie. My belofte sal ek gestand doen deur leiding te neem by 'n beplanningsvergadering asook deur te help met die opstel van beskrywingspunte. – Dr J Otto